NG KERK
KUILSRIVIER-DE EIKE

PASTORALE BRIEF

AUGUSTUS 2021

Die vrug van die Gees (vi): goedhartigheid

Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing.
(Galasiërs 5:22-23)

Die woord wat Paulus hier gebruik, beteken eenvoudig "goedheid". Dis een van daardie woorde wat ‘n mens moeilik kan verduidelik, en tog weet jy presies wat dit beteken en kan jy dit dadelik herken in iemand se lewe. Die Gees maak van elkeen wat onder beheer van die Gees lewe, dus 'n "goeie mens". Dit beteken natuurlik nie dat jy jou bo ander kan aanstel asof jy so watswonders is nie. Dis eerder iets prakties – ‘n goeie mens is iemand wat goed doen aan ander mense – dis hoekom ons Bybel dit vertaal met "goedhartigheid". Die Gees gee jou deernis vir ander. Dan is jy nie oorkrities nie, en wil eerder help as veroordeel. Hy laat jou die positiewe in ander raaksien, en gee jou ‘n getuienis.

Dis interessant dat dieselfde Griekse woord ook "vrygewig" sou kon beteken. Iemand wat goed is teenoor ander mense, sal ook 'n oop hand hê vir ander in nood – hy probeer nie net homself bevoordeel nie. Maar weereens, sal niks hiervan jou seker verbaas nie. Is dit dan nie eintlik net 'n prentjie van ons Here nie? Hy was die ene goedheid teenoor ander, selfs dié wat Hom kwaadgesind was. En hoe meer die Gees beheer oorneem van jou lewe, hoe meer sal jy soos Hy wees en lyk. Hoe meer sal jy ook teenoor ander mense *‘n goeie mens* wees...